Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 25, Nr 2, 1995. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# B OOK REVIEWS / BOEKBESPREKINGS

## VIVA OS BOERS! BOERE-GEÏNTERNEERDES IN PORTUGAL TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899-1902

***O.J.O. Ferreira***

V & R Drukkery, Pretoria : 1994
294 bladsye, geïllustreerd
ISBN 0-620-18627-5
R55-00

Toe hierdie publikasie deur my ontvang is om te resenseer, was dit dadelik 'n mooi voortuitsig omdat prof. Ferreira 'n navorser en skrywer van gehalte is. Ook hierdie boek bevestig hom dan opnuut weer as verdienstelike ontvanger van die FAK se Prestigeprys vir Geskiedenisbevordering, en die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Erepenning vir Kultuurgeskiedenis.

Die materiaal, wat wyd en noukeurig vir hierdie besonder interessante slapband versamel is, getuig van volgehoue speurwerk. Dat veral bronne in Portugees oorvloedig geraadpleeg is, bring 'n vars dimensie na vore; boonop oor 'n faset van hierdie oorlog wat vir baie mense totaal onbekend is.

Ingesluit is 'n volledige Inhoud, 'n knap Voorwoord, 'n noodsaaklike aanloop (pp.7-81), volop en bruikbare sketse, afdrukke, illustrasies, 'n sinvolle Nawoord, 'n bylae met die name van Boere-geïnterneerdes, 'n indrukwekkende Bronnelys en 'n benutbare Register. Veral die foto's verhoog die graad van volledigheid. Ook die verwysings is uiters volledig weergegee en is hoogs benutbaar.

Die Boere was op ses plekke in Portugal aangehou - Tomar, Alcobaca, Peniche, Caldas da Rainha, Abrantes en Oeiras. Ferreira brei volledig op elke plek uit, maar behandel veral gemeenskaplike sake soos die Boere se aankoms, hulle getalle, huisvesting, die samestelling van die groep, onderwys, besoekers, religieuse bearbeiding, sosiale bedrywighede, stokperdjies, die breë onderlinge verhouding, siekte, dood, ontsnappingspogings en dan die finale repatriasie terug.

Wat natuurlik hoogs interessant is, is die feit dat hierdie geïnterneerdes vroue en kinders ingesluit het; Boere ook uit Kaapland, Natal en vanselfsprekend uit die twee Republieke wat knaend voor die Britse magte ná Maart 1900 begin uitwyk het. Van hulle het in September in Portugees-Mosambiek per trein aangekom. Talle gewonde burgers is reeds vroeër na Mosambiek gestuur om dáár aan te sterk. Ook president Paul Kruger het op 10 Oktober 1900 sy 75ste verjaardag in Lourenço Marques op pad na Europa gevier.

Teen Februarie 1901 is die Boere na Portugal oorgeplaas ten einde aan die internasionale eise van Brittanje te voldoen. Nietemin, in totaal het ongeveer 1064 mense in Portugal beland. Hiervan was sowat 154 kinders onder 16 jaar oud. Heelwat geïnterneerdes was natuurlik ook Nederlanders, Duitsers, Italianers en andere - 'n totaal van sê 127. Die groep was ook vry jonk gewees. Vandaar die kinders wat oor die periode van sê twee jaar in aanhouding gebore is.

Enkele jare later is ten regte 'n monument, veral deur Britse militêre toedoen, vir hierdie gestorwenes in April 1913 by Lissabon onthul. Die lae sterftesyfer onder al die groepe is opvallend - wat maar net weer die brutale berekendheid vertolk waarmee vroue en kinders onder Britse toesig in Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe gesterf het.


Hierdie boek, met sy ryk kultuurhistoriese inhoud, die magdom genealogiese inligting, die beklemtoning van totaal ander fasette van die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 is werklik die moeite werd om te lees. Dit is vir vaklui sowel as die algemene publiek geskik; ook omdat dit so soepel en interessant geskryf is. Daar is in die verlede ook veels te weinig inligting na vore gebring wat op Afrikaners se lang skakeling met Portugal en Portugese onderdane dui. Die boek verskyn ook mooi betyds met die oog op die eeufeesvieringe rondom die Engelse Oorlog in 1999.

Die skrywer het hierdie geskrif self laat uitgee; vandaar die redelike prys gesien die talle foto's ensomeer. Dis 'n gebruik wat toeneem omdat uitgewers net té kwasterig en geldeisend geword het. Die gevolg is dat boeke van hierdie aard, juis in Afrikaans, nie in genoegsame mate die lig sien nie.

Terloops, op p.223 verwys Ferreira na die terugkerende geïnterneerdes wat met toulere van die boot in klein bootjies neergelaat en land toe geroei is. Die rede hiervoor was die gebrek aan 'n geskikte hawe vir passasiers juis óók omdat sekere Port Elizabethse handelsbelanghebbendes jare lank gekeer het dat 'n benutbare hawe gebou word.

Dit is 'n mooi getuigskrif vir die Portugese, vir eie kerklike leiers, vir welsyngroepe, vir die militêre personeel oral betrokke dat hulle die menslike, behoudende rol gespeel het wat hulle wel nagekom het toe hierdie geïnterneerdes as magtelose vreemdelinge tydens 'n internasionale oorlog in hulle land móés vertoef. Dis ook 'n verdere bewys van die hoë mate van Boeresteun wat by die Europese algemene publiek tydens hierdie jare in Rusland, Nederland, België, Frankryk en Duitsland byvoorbeeld beleef is.

*Prof Marius Swart, Departement Geskiedenis, Universiteit van Port Elizabeth.*




## OCEAN BRIDGE; THE HISTORY OF THE RAF FERRY COMMAND

***Carl A. Christie with Fred Hatch***

University of Toronto Press, Canada : 1995
458 pages
illustrated, maps
ISBN 0-8020-0638-8
$39.95 (cloth)

*Ocean Bridge* is undoubtedly the best military-history book I have had the pleasure of reading all year. It presents a fresh body of knowledge on a neglected topic of an otherwise much-described Second World War. The body of the work - an authoritative and well-referenced text of 306 pages - is vastly enhanced by an extremely attractive cover; four detailed maps; dozens of meaningful photographs; and a good, particular and accurate index of no less than 43 pages! The fact that *Ocean Bridge* is printed on acid-free paper is an added bonus: it will literally be enjoyed by generations of future historians and aviation enthusiasts.

At the outbreak of the Second World War, the delivery of aircraft by air across the Atlantic seemed impossible. With German U-boats ravaging convoys in the Atlantic and blizardly winter weather, it was thought to be too costly in terms of both human life and money. However, despite initial reluctance, by the war's end, Royal Air Force Ferry Command crews flew almost ten thousand aircraft, mainly American-built, to operational squadrons in Europe and Africa and, in fact, practically every operational theatre of war. And, in so-doing Ferry Command laid the foundation for the network of international air routes and procedures that commercial travellers now take for granted. However, it was not without cost - some five hundred aircrew, as well as sixty passengers, lost their lives (Appendix B). The casualties, incidently, included Sir Frederick Banting, Nobel prize winner for the discovery of insulin, and a South African.

The book was first started many years ago by the late Fred Hatch - an historian attached to the History Directorate at National Defence Headquarters in Ottawa - who undertook a study of various aspects of Canadian involvement in transatlantic operations as part of the preparatory work for the official history of the Royal Canadian Air Force. Carl Christie carried on with the work Hatch had been doing on Ferry Command, after the latter's retirement in 1980, and eventually yielded a 182-page manuscript entitled "Transatlantic Ferrying and Air transport Operations, 1940-45". However interesting and important the story was; all at the History Directorate realized that Ferry Command - having been essentially part of the Royal Air Force - it did not belong in the official account of the Royal Canadian Air Force. Christie - Senior Research Officer in the History Directorate - thus received permission to produce this separate volume.

A high standard of scholarship is maintained throughout the book, with a heavy emphasis on primary research. This was made difficult by the dispersed nature of the archival record of Ferry Command. Military records, the archives of the Department of Transport and the private papers of various prominent Canadians (including prime minister Mackenzie King) were consulted at the National Archives of Canada, in Ottawa. Research visits were made to the Public Record Office, in London (the repository of official British government documents); the Newfoundland Provincial Archives; the Harriet Irving Library of the University of New Brunswick; and the Provincial Archives of Manitoba. As overseas research trips are extremely expensive, most of the documents from other institu-